*Dinsdag* **10 Februarie**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:1-2**

**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:2**

**Barmhartigheid is deel van God se seën**

Sondag vir Sondag sit ons in die kerk en hoor aan die begin van elke erediens die woorde van ons fokusvers. Vir sommiges dalk heel vervelig. Ons hoor dit so baie. Vir ander die besef van wat die ware betekenis is.

Ons as Gereformeerde Kerke in Suid Afrika vier vandag ons 167ste bestaansjaar. Hierdie woorde van Paulus het nie net vir ons nie maar as kerke saam besondere betekenis. Ons hele bestaan as kerke en as gelowiges is te danke aan die genade, barmhartigheid en vrede van God.

Genade is die verlossing wat God aan ons skenk in Christus sonder dat ons enigiets gedoen het om dit te verdien. Onverdiend. Dit is wat genade is. Dan kom die gedagte van barmhartigheid. Ons fokusgedagte: Dit is die gevoel wat God het wanneer Hy ons sien in ons sondetoestand. Dit is ’n gevoel van innig jammer kry. Dit getuig van liefde, van omgee van besorgdheid vir elkeen wat Hy geroep het om sy kinders te wees. Dit is hulle aan wie Hy verlossing skenk deur Christus.

Die vers sluit af met vrede. Hierdie vrede kom deur die werk van die Heilige Gees wat aan ons God se vrede skenk in die wete dat ons verloste kinders van God is. Dit bring ’n rustigheid in ons hart omdat ons aan God behoort. Ons is sy eiendom. Hy het ons van die sonde losgekoop.

Daarom kom ons Sondae bymekaar in die kerk. Daarom word ons Sondag vir Sondag ook herinner aan wat God vir ons doen en beteken, en daarom kan ons met dankbaarheid 167 jaar van ons kerke se bestaan vier. Ons hoor dit in die woorde van God se seën oor ons. God het alles moontlik gemaak.

Daarom is die gedagte van erediensbywoning nie net ’n verpligting nie, ook nie die vervelige luister na die seëngroet van die Here aan die begin van die diens nie. Dit is ’n herinnering aan ons verbintenis tot Hom en wat Hy vir ons doen en beteken, nou nog. So kan ons in vrede ook as uitverkore kinders van ons Here ons lewens voortsit en in vrede die genade, barmhartigheid en vrede van God in liefde aanvaar en beleef.

*Sing: Psalm 134-1:3*

*Ds. N (Neville) Boy (Thabazimbi)*